**31 Januarie**

**Skrifgedeelte: Judas vs 3-16**
**Fokusgedeelte: Judas vs 4b, 11**

## Dwaaldade in die kerk van Jesus Christus

Mens kan amper nie dink hóé losbandige mense wat dieselfde pad as Kain, Bileam en Korag loop, dit regkry om ongemerk die gemeente van Christus binne te dring nie. Is dit omdat dit so subtiel gedoen word, of omdat ons nie meer so streng daarop let nie, of omdat ons self agter die deur staan?

Die Heilige Gees sê egter dit is goddeloos. So 'n lewe "verwerp ons enigste Meester en Here, Jesus Christus". Dis so erg soos dwaalleer en misleiding. Daarom is dit belangrik dat ons met hand in eie boesem na hierdie dwaaldade sal kyk en dit sal bestry. Juis dan stry ons vir die geloof wat aan ons oorgelewer is en is ons getuies daarvan.

Dat God se genade misbruik word as dekmantel om losbandig te lewe, is verskriklik. Maar begin dit nie as ons sy genade misbruik om nie kerk toe te gaan, Bybel te lees en te bid nie? Is dit nie ook los-bandig nie? Om dieselfde pad as Kain te loop, is broedermoord. Begin dit nie as ek ontevrede is met God se wil vir my lewe nie? Om vir geld dieselfde bedrog te pleeg as Bileam, is heiligskennis. Begin dit nie as ek aardse skatte najaag nie? Hoe belangrik het geld het nie vir ons geword nie! Om soos Korag in opstand te kom, beteken om teen God op te staan. Begin dit nie as ek nie meer vir die HERE wil luister nie?

Judas wou so graag skryf oor die wonderlike verlossing waaraan ons almal deel het, maar toe voel hy hom verplig om oor die lelike dinge wat in die gemeente gebeur, te skryf. Hoe kan ons verheug wees oor ons verlossing as ons sulke dinge in ons gemeente duld of dit self doen? Waar is ons getuienis vir Jesus Christus dan?

*Sing: Psalm 28:4-7 (1936)* *Ds. JH Cilliers (Reitz)*